

As jou lewe  
donker word ...



Uitgegee en versprei  
deur die  
Bybelgenootskap van Suid-Afrika.  
[www.bybelgenootskap.co.za](http://www.bybelgenootskap.co.za)



**bybelgenootskap**  
van suid-afrika

## Jy is nie alleen nie

Dalk ly jy aan 'n ernstige siekte of het jy jou werk verloor. Dalk het jy iemand na aan jou aan die dood afgestaan of moes jy vrede maak met 'n egskeiding, of die einde van 'n gewaardeerde vriendskap. Hierdie verliese of teleurstellings kan hartseer, hulpeloosheid of selfs woede by jou laat ontstaan.

## God sien jou raak in jou lyding

Hy genees die gebrokenes van hart en verbind hulle wonde.

[Psalms 147:3](#)

Soos 'n herder versorg Hy sy kudde: die lammers maak Hy

bymekaar in sy arms

en Hy dra hulle teen sy bors,

Hy sorg vir die lammeroë.

[Jesaja 40:11](#)

“Hy sal al die trane van hulle oë afdroeg. Die dood sal daar nie meer wees nie. Ook leed, smart en pyn sal daar nie meer wees nie. Die dinge van vroeër het verbygegaan.”

[Openbaring 21:4](#)

## Wanneer jou emosies die oorhand kry ...

Wanneer ons ontsteld is, kry ons emosies dikwels die oorhand en blameer ons God vir wat met ons gebeur het. Tog verseker Hy ons van sy konstante teenwoordigheid en kalmeer Hy ons onstuimige harte.

God self het gesê: “Ek sal jou nooit verlaat nie, jou nooit in die steek laat nie.” Daarom kan ons met vertroue sê:

“Die Here is my helper, ek ken geen vrees nie: wat kan 'n mens aan my doen?”

[Hebreeërs 13:5b-6](#)

“Dit sê Ek vir julle, sodat julle vrede kan vind in My. In die wêreld sal julle dit moeilik hê; maar hou moed: Ek het die wêreld klaar oorwin.”

[Johannes 16:33](#)

## Die lig kan weer in jou lewe skyn

Wanneer ons seergekry het, fokus ons dikwels op alles wat verkeerd is en sien geen uitkoms nie. Tog moedig die Bybel ons aan om die positiewe raak te sien in ons situasie. Job se woorde in sy teenspoed is vir ons 'n aanmoediging om nuut na ons omstandighede te kyk.

Maar jy, as jy jou verstand reg wil gebruik

en jou hande in gebed

na God toe uitsteek, ...

kan jy jou swaarkry vergeet

en daaraan dink asof dit water is wat weggehoop het.

Jou lewe sal meer lig hê

as die helder middag,

jou donker sal lig word

soos die môre.

[Job 11:13,16-17](#)

**\*Alle Skrifgedeeltes geneem uit die Afrikaans 1983-vertaling.**